# BOEKRESENSIES/BOEK REVIEWS

Atwell, M 1986: *South Africa (Background to the crisis). London:* Sidgwick & Jackson (pp. 222, R24,95).

In sy voorwoord wys die skrywer daarop dat 'n drama in Suid-Afrika aan die ontvou is tussen twee botsende nasionalismes en dat rassisme ook 'n groot rol in die botsing speel. Hy spreek die hoop uit dat sy boek sekere vooroordele en oorver-eenvoudigings oor Suid-Afrika sal uitskakel. Die einde van blanke dominasie is volgens hom onafwendbaar. Die vraag is hoe lank die stryd sal duur en wat die gevolge sal wees.

Allereers moet dit gestel word dat die publikasie baie vloeiend lees. Die skrywer gee 'n oorsig oor die geskiedenis van Suid-Afrika van pre-historiese tye tot vandag sonder om die leser te verveel. Hy konsentreer in sy aanbieding egter veral op die tydperk na 1948. Historici mag die beswaar opper dat die skrywer te maklik interpreteer sonder om werklik wetenskaplike verifikasie vir sy afleidings aan te bied. Dit is inderdaad grootliks waar. Al is daar 'n bronnelys aan die einde van die publikasie, word daar nie werklik gebruik daarvan gemaak in die teks nie. Daar is ook enkele feite wat foutief is (byvoorbeeld Amiens 1803 i.p.v. 1802 op p. 26; Irene i.p.v. Lyttleton p. 78). Soms is die interpretasie ook eensydig as byvoorbeeld die kommunistiese bande van die ANC verdoesel word (p. 207). Die skrywer is ook te geneig om die geskiedenis van Suid-Afrika as die skynbaar verrassende en paradoksale uit te beeld, maar laat ongelukkig geen ruimte vir hierdie toeval in sy toekomsprognoses. Die enkele bewering in laasgenoemde kategorie wat net te dik vir 'n daalder is, is die voorspelling van die Afrikaner se ondergang wat tussen die volgende vyf en vyftien jaar **sal** plaasvind. Hierdie **absolute** sekerheid oor die uiteinde van die stryd in Suid-Afrika is by tye irriterend — geskiedenis is per slot van sake nie 'n wiskundige wetmatigheid nie maar die interaksie tussen mense wat van opinie kan verander en waar sekere gebeure of persone 'n onverwagse wending kan meebring.

Afgesien van die voorafgaande kritiek, was die lees van Attwell se publikasie tog uiters stimulerend gewees. Soms maak hy aanvegbare afleidings soos byvoorbeeld dat die blanke bloot organisatories en tegnologies die Khoisan se meerdere was (p. 20 e.v.).

Hierdie redenasie is darem ietwat naïef want moet ek my vyand nou ook van kernwapens voorsien as ek in besit daarvan is ten einde vas te stel wie dan nou die beste is? Hier slaan hy die bal mis, maar meeste van die ander afleidings in die breë betoog lyk myns insiens korrek of baie na aan die kol. Plek-plek is daar selfs buitengewone insig soos veral in die laast paar hoofstukke telkens geïllustreer word. Die skrywer is weliswaar nie oorsimpatiek teenoor die Afrikaner nie, maar ook nie buitengewoon vyandig nie. Hy het begrip vir die Afrikaner se stryd om selhandhawing. Sy veroordeling van apartheid is egter ondubbelsinnig as hy dit as 'n buiten-gewone dwaling afmaak.

Die skrywer geraak tot die slotsom dat 'n tragedie in Suid-Afrika hom tot in die finale hoofstuk aan die voltrek is. Die onafwendbare sege van swart nasionalisme (en van die ANC) word voorspel maar die Afrikaner work ook 'n plek gegun in die nuwe Suid-Afrika: "The Afrikaners too have earned their future... For them this future represents a failure of what they believe to be good and true. Time will heal. They will come to see it differently ... They are a robust people who will build a new and better life for themselves in Africa. And when the

scars of history have healed, Africa will remember their courage and their great talent, and take them to its heart".

Dit is 'n publikasie wat vir alle Suid-Afrikaners 'n perspektief of ons land se geskiedenis gee wat net kan help om groter nugterheid te laat posvat al sou jy ook plek-plek swaarde kon kruis. Die boek bied meer as genoeg stof tot nadenke vir elke Suid-Afrikaner wat ernstig bekommerd is oor die toekoms van ons land.

MH TRÜMPELMANN